

**10 Mei**

**Skrifgedeelte: Handeling 10:34-48**  
**Fokusgedeelte: Handeling 10:34,35**

### **Bereid om nog meer te leer**

Die Here het Petrus se vooroordeel uit sy hart weggeneem en 'n baie belangrike afspraak met hom gemaak. Hy het besef dat God enige volk se mense wat Hom vereer en doen wat reg is aanneem. In die teenwoordigheid van mense uit die heidendom het hy toe die evangelie van Jesus Christus aan hulle verkondig. Terwyl hy nog besig was om te preek, is die Heilige Gees op hulle uitgestort en het hulle presies soos die ander gelowiges op Pinksterdag in Jerusalem gereageer. Met verbasing het die Jode gesien hoe die Gees van God ook op mense uitgestort word wat nie Jode was nie.

Dit was nie 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees nie. Dit was maar net die "oorloop" (voortsetting) van Pinkster in die lewe van die gelowiges wat uit die heidendom tot bekering gekom het. Hierdie mense is almal gedoop as teken van hulle inlywing in God se genadeverbond en die afwassing van hulle sondes deur die bloed van Jesus Christus – 'n opspraakwekkende gebeurtenis. Die kerk van die Nuwe Testament het sy *Joodse grens* deurbreek.

Somtyds dink ons dat ons alles weet. Ons eie vooroordele en eiewilligheid maak ons egter blind vir die Almagtige God se koninkryksagenda in hierdie wêreld. God neem nie net vyandige struikelblokke uit die pad van sy koninkryk weg nie, maar sorg ook dat die struikelblokke van onkundigheid en onwilligheid weggeneem word. Kom ons erken dit: Ons weet beslis nie alles nie en om werklik diensbaar te wees, moet ons altyd gereed wees om meer te leer.

Sing: Psalm 25:1,2

Ds IW Ferreira (Magol)